Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Christo Davids**
Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (Edulis ingesluit)
Christo.Davids2@westerncape.gov.za | 021 900 5021

Lêerno.: 23/2/12/1/3/ ICT SKILLS FOR TEACHERS
Verwysing: 20230915-8111

Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituutminuut: 0005/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Leerderondersteuning, Kringbestuurders, SEI-diensbestuurders, Vakadviseurs, Prinsipale van openbare skole, Hoofde van geregistreerde graad R-persele en Voorsitters van beheerliggame by openbare skole

**Onderwerp: Uitnodiging: Opleiding vir WKOD-skoolbestuurpersoneel en onderwysers**

1. Die Inligting- en Kommunikasietegnologie- (IKT-) opleidingseenheid (Sentrum vir e-Innovasie) bied in samewerking met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) aanlyn digitale opleidingskursusse vir WKOD-skoolbestuurpersoneel en onderwysers regdeur die provinsie aan. Verwys asseblief na Omsendbrief 0050/2016, gedateer 26 November 2016, in hierdie verband.

2. Die kursusse is daarop gemik om skoolbestuurpersoneel en onderwysers te help om IKT-vaardighede wat vir gevorderde IKT-integrasiekursusse vereis word en wat 'n hoër vlak van IKT-vaardighede vereis, te verbeter.

3. Hierdie kursusse is **100% aanlyn opleidingsgeleenthede.**

3.1 Aanlyn opleiding gee deelnemers die geleentheid om vaardighede te ontwikkel wat hulle sal help om hul individuele en professionele doelwitte te bereik. Sommige van die belangrike voordele van e-Leer sluit onder meer die volgende in:
- verbeterde behoud van kennis (onthouvermoë).
- pas makliker by besige skedules in.
- pasgemaakte leerervarings.

4. **Benoembaarheid vir kursusse**

4.1 WKOD-skoolbestuurpersoneel en onderwysers (beheerliggaamposte ingesluit) wat:
- basiese IKT-vaardighede wil aanleer;

- hul intermediêre vaardighede tot gevorderde IKT-vaardighede wil ontwikkel; en
- die integrasie van IKT in die kurrikulum na die volgende vlak wil neem.

5. **Besonderhede van die kursusse**

5.1 Raadpleeg **Bylae A** vir besonderhede oor die kursusse se inhoud, rooster, aanlyn registrasie en die aansoekproses.

5.2 Die kursusse duur vanaf 02 Oktober 2023 tot 22 Maart 2024. (Raadpleeg asseblief die rooster.)

5.3 Die kursusse is daarop gemik om beginner- tot gevorderde IKT-vaardighede aan te leer.

5.4 Let daarop: Opleiding vind slegs **AANLYN** plaas en **NIE deur persoonlike kontaksessies NIE**.

6. **Registrasie en bywoning van kursusse**

6.1 Suksesvolle aansoekers sal per e-pos in kennis gestel word; dus is dit noodsaaklik om die korrekte e-posadres te verskaf.

6.2 Indien deelnemers nie hul verpligtinge nakom om die geborgde aanlyn opleiding te voltooi nie, sal hulle verantwoordelik gehou word vir die koste wat aangegaan is. Deelnemers se aanlyn teenwoordigheid sal gemonitor word. Raadpleeg Interne-Menslikekapitaalontwikkelingsminuut, gedateer 15 Oktober 2008, betreffende die ontrekking van opleidingsintervensies.

7. Rig enige versoeke om bystand of navrae aan info.icttraining@westerncape.gov.za.

8. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeel te bring.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2023-10-09